



# **CANNABIS IMPLEMENTERINGSPLAN (CANPLAN) VIR DIE LANDBOUSEKTOR**

## **Vrae en Antwoorde**

### **1. Wat is die verskil tussen Cannabis en Hemp?**

Die bepalende verskil tussen hemp en medisinale cannabis is hul psigotropiese komponent tetrahydrocannabinol, of THC. Hemp het 0,2% of minder THC volgens die huidige definisie, wat beteken dat hemp produkte nie genoeg THC bevat om die euforiese gevoel te skep wat tradisioneel met cannabis geassosieer word nie. CBD (cannabidiol) is 'n verbinding wat in cannabis voorkom. CBD en THC is albei kannabinoïede wat in cannabisplante voorkom. Alhoewel soortgelyk in struktuur en wat hulle kan help behandel, is die belangrikste verskil dat THC sal veroorsaak dat 'n persoon euforia ervaar, terwyl CBD nie daardie gevoel tot gevolg het nie.

Eenvoudig gestel, hemp is die naam wat gegee word aan variëteite van die cannabisplant met uiters lae vlakke van die psigo-aktiewe verbinding THC, wat die veelsydige plant lewensvatbaar maak om in dosyne verskillende industrieë gebruik. Cannabis word tipies vir eie gebruik of vir medisinale doeleindes gekweek.

Om tans wettiglik in Suid-Afrika hemp genoem te word, moet die variëteit van cannabis sativa minder as 0,2% THC bevat. CBD en ander Cannabinoïede word deur SAHPRA onder die Medisynewet gereguleer.

### **2. Is daar 'n Nasionale Cannabis-plan?**

Ja, die Nasionale Cannabis Meesterplan is in 2021 deur die Nasionale Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling (DLGLO) vrygestel. Die Cannabis Meesterplan het ten doel om 'n breë raamwerk te verskaf vir die ontwikkeling en groei van die Suid-Afrikaanse cannabisbedryf ten einde by te dra tot ekonomiese ontwikkeling, werkskepping, inklusiewe deelname, landelike ontwikkeling en armoedeverligting. Die plan is tans onder hersiening. Die Wes-Kaapse Canplan is belyn met die nege pilare van die Nasionale Meesterplan.

### **3. Wat is die mandaat van die Nasionale Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling (DLGLO) in vergelyking met dié van die Provinsiale Departement van Landbou wanneer dit by Cannabis kom?**

Die Provinsiale Departement van Landbou kan geen lisensies vir dagga vir medisinale doeleindes of permitte vir hemp uitreik nie, aangesien dit 'n nasionale mandaat is en nie 'n provinsiale mandaat nie.



Hemp is in Oktober 2021 deur die Nasionale Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling (DLGLO) tot 'n landbougewas verklaar kragtens die Plantverbeteringswet no 53 van 1976. Hierdie verklaring laat nou invoer, verbouing, verkoop en navorsing van hemp in Suid-Afrika toe en DLGLO reik ook die permitte vir die verbouing van hemp uit. Meer inligting kan gevind word op die DLGLO webwerf (<http://www.dalrrd.gov.za>).

Medisinale daggalisensies word deur die SA Gesondheidsprodukte Regulerende Owerheid (SAHPRA) uitgereik en meer inligting kan op hul webwerf verkry word (<https://www.sahpra.org.za/licences-and-permits>).

Die Wes-Kaapse Departement van Landbou kan egter help met navorsing, produksieondersteuning, voorligting en adviesdienste en ander ondersteuning vir die dagga- en hempbedryf.

#### **4. Wat behels die CanPlan?**

Die Cannabis Raamwerk en Implementeringsplan vir die landbousektor in die Wes-Kaap, ook genoem die CanPlan, is saamgestel deur die Wes-Kaapse Departement van Landbou en vrygestel gedurende Maart 2023. Die plan het ten doel om die Wes-Kaapse Departement van Landbou te posisioneer in terme van produksie en verwerking van medisinale cannabis en hemp en die hele waardeketting daarvan, en identifiseer ook die inisiatiewe waar die Departement kan ondersteun, lei of mede-lei.

Die CanPlan is in lyn met die Nasionale Cannabis-meesterplan (2021).

#### **5. Wat is die fokusareas in hierdie raamwerk?**

- Beleids-, wetgewende en regulatoriese konteks
- Verbouingsvereistes en aanpassing by Wes-Kaapse toestande
- Huidige produksie- en waardekettingaktiwiteit in die Wes-Kaap
- Rolspelerkaart
- Waardeketting, mededinger en markontleding
- Gapingsbepaling en -geleentheid
- Teorie van verandering en assessering van potensiële inisiatiewe
- Potensiële uitkomste van waardekettings
- Raamwerk insluitend aanbevelings oor prioriteitsinisiatiewe

Die plan het ten doel om die besluitneming en strategiese beplanning van die Wes-Kaapse Departement van Landbou en ander rolspelers te bewerkstellig.



**6. Het jy 'n lisensie nodig om medisinale Cannabis vir kommersiële doeleindes te kweek?**

Ja, verwys na vraag 3.

**7. Waar doen jy aansoek vir 'n medisinale Cannabis-lisensie?**

Sien vraag 3.

**8. Het jy 'n permit nodig om hemp te kweek?**

Ja, sien vraag 3.

**9. Waar kry ek hemp- of cannabissaad of saailinge?**

'n Verskeidenheid private kwekerie en kweekklubs kan help om kweekmateriaal te verkry. Die LNR toets ook variëteite en ondersteun verbouing.

**10. Sal daar befondsingsgeleenthede vir dagga- en hempproduksie in die Wes-Kaap wees?**

Ja, vir spesifieke aksies en binne die befondsingsraamwerke van die onderskeie departemente van die Wes-Kaapse regering.

**11. Is dit maklik om Cannabis en hemp maklik om in die Wes-Kaap te verbou en wat is die voorwaardes vir produksie?**

Die Wes-Kaapse groeitoestande is nie optimaal vir huidige dagga- en hempvariëteite sonder verandering nie, veral in terme van reënval en ligvlakke wat die kweek daarvan minder mededingend maak. In die geval van hemp sal besproeiing in die meeste plekke nodig wees en aanvullende lig kan nodig wees om groei aan te help. Die Suid-Kaap is die enigste gebied in die Wes-Kaap wat ietwat geskik is vir droëland-hempproduksie, hoewel daar steeds 'n reënvaltekort is. In die geval van Cannabis, sal kweekhuis- of binnenshuise produksie vereis word. Hierdie sub-optimale groeitoestande sal hoër insetkoste beteken. Dit sal waarskynlik die mededingendheid van primêre produksie beïnvloed in vergelyking met ander liggings in beide Suider-Afrika (bv. Pondoland, KZN, Lesotho, Malawi) en wêreldwyd (bv. Colombia, Thailand). Dit kan verander as nuwe variëteite ontwikkel word wat beter geskik is vir Wes-Kaapse groeitoestande.

**12. Waar kan 'n mens die volledige Cannabis-raamwerk en Implementeringsplan (CanPlan) vir die Landbousektor vind?**

Besoek asseblief ons webwerf by [www.elsenburg.com](http://www.elsenburg.com) en soek vir "CanPlan".



Afskrifte van die CanPlan kan verkry word by:

**CanPlan-implementeringsplan** – <https://www.elsenburg.com/wp-content/uploads/2023/03/W.Cape-CanPlan-Final-report-8-March2023.pdf>

**CanPlan Literature Review** – <https://www.elsenburg.com/wp-content/uploads/2023/03/W.Cape-CanPlan-literature-review.pdf>

